

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

Psalm 21:1, 2 (p. 94)

- 1 U maak, o HEER, die koning bly, / omdat u arm so sterk is, sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry; / U het wat hy begeer, / geweier nòg geweier.
- 2 U kom hom vriend'lik tegemoet / met stroom van goeie dinge / en gulde seëninge.
U het 'n kroon van fynste gloed, / van voorspoed en geluk, / hom op die hoof gedruk.

Skriflesing: 1 Samuel 9:1-10:16

Kernverse: 1 Samuel 9:15-17

'n Dag voor die koms van Saul het die Here vertroulik aan Samuel openbaar:
“Môre teen hierdie tyd sal Ek 'n man uit die gebied van Benjamin na jou toe stuur.
Jy moet hom tot regeerder oor my volk Israel salf. Hy sal my volk red uit die mag
van die Filistyne, want Ek het op my volk ag geslaan. Ja, hulle hulpgeroep het My
bereik.”

Net toe Samuel vir Saul sien, het die Here vir hom gesê: “Dit is die man van wie
Ek jou gesê het hy sal oor my volk regeer.”

(1 Samuel 9:15-17 AFR1983)

Tema: Die Here se keuse van 'n leier; Samuel word verseker van die Here se keuse

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, gelowiges is tog maar nuuskierig om te weet wat God se wil vir hulle lewens inhou. Ja, ons weet dat die Here wil hê dat ons aan Hom gehoorsaam moet lewe. Hy wil dat alle gelowiges Hom sal liefhê met hulle hele hart en siel en al hulle kragte, en Hy wil dat ons ons

naaste sal liefhê soos onself. Maar dit is tog sy geopenbaarde wil aan alle gelowiges, nie net aan sommiges nie. As ons vra wat hou God se wil vir ons elkeen se lewe in, dan gaan dit daarvoor om te weet waar die Here wil hê dat ons sal woon, watter werk ons eendag sal doen, met wie ons eendag sal trou, en sulke dinge. In een of ander stadium in 'n gelowige se lewe duik hierdie vrae op.

Nadat die volk vir Samuel kom vra het dat hulle 'n koning wil hê om oor hulle te regeer omdat hulle soos die ander nasies wil wees, het die Here aan Samuel gesê om aan die volk se versoek te voldoen. Samuel moet 'n koning oor die volk aanstel. Die eerste vraag wat by 'n mens opkom, as jy jouself in Samuel se omstandighede indink, is: Wie wil die Here hê moet koning van Israel wees? In Deuteronomium 17 het die Here immers al gesê: **Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies** (Deuteronomium 17:15 AFR1983). Daar rus dus 'n baie groot verantwoordelikheid op Samuel se skouers. Hy sou ook miskien kon vra: Wie op aarde wil die Here hê moet koning van sy volk wees?

Uit wat ons kan agterkom uit hierdie geskiedenis van die Here met sy volk is dat Samuel nie toegelaat het dat hierdie vraag oor wie koning moet wees of dat sy eie afkeur van 'n koning sy daaglikse werk in diens van die Here beïnvloed het nie. Aan die einde van hoofstuk 8 het Samuel al die manne van Israel aangesê om na hulle huise toe te gaan. Aangesien Samuel naby die Here geleef het en profeet was in diens van die Here, was hy oortuig dat die Here op die geskikte tyd sou bekend maak wie hy as koning oor Israel moet salf. Onder die leiers van Israel was dit egter anders. Dit wil tog voorkom asof die vraag oor wie koning sal wees op almal se lippe was. As Samuel met iemand gepraat het, was die mense nuuskierig om te weet wat Samuel vir daardie een gesê het. Byvoorbeeld, toe Saul se oom by Saul en sy slaaf hoor dat hulle by Samuel was oor die donkies wat weggeraak het, is die oom se eerste vraag: **Vertel my tog wat Samuel vir julle gesê het.** (1 Samuel 10:15 AFR 1983)

Broers, susters en kinders, in 1 Samuel 9 tot 11 gee die Here dan sy antwoord op hierdie tergende vraag: Wie wil die Here as koning oor Israel aanstel? In die eerste deel van hoofstuk 9 tot by ons kernverse maak die Here aan Samuel bekend dat Saul sy keuse vir die koning van Israel is. In die res van hoofstuk 9 tot by 1 Samuel 10:10 maak die Here aan Saul self bekend dat hy God se keuse is om as koning oor Israel te heers. En uiteindelik maak die Here vanaf 1 Samuel 10:17 tot aan die einde van hoofstuk 11 aan die volk self bekend dat Saul die Here se keuse is vir die koning van Israel.

Die Here het vroeër aan Samuel gesê dat die volk hóm nie verwerp het nie maar dat hulle die Here as koning oor hulle verwerp het. In hierdie geskiedenis van die Here met Saul en met Israel kom ons agter dat die Here geensins van sy troon en koningsheerskappy afstand gedoen het nie. Hy regeer steeds alleen oor sy volk. En wanneer die Here oor sy mense regeer, doen Hy dit nie dwingend nie. So in die verloop van die alledaagse gebeure word dit mettertyd duidelik hoe die Here sy koningsheerskappy oor sy volk laat geld, selfs al besef hulle dit nie eers nie.

Die verhaal begin met die vertelling van Kis, die pa van Saul, uit die stam Benjamin, wat 'n vermoënde man is. Hy is ryk. Dan hoor ons van Saul. En die wyse waarop die Heilige Gees vir Saul aan ons bekendstel, laat ons dink dat Saul miskien die koning kan wees. Geliefdes, ons moet nou twee dinge baie goed onthou. Eerstens, ons moet hierdie geskiedenis lees en bestudeer asof ons dit die eerste maal hoor. Op hierdie manier wil die Heilige Gees ons lei om regtig raak te sien wat Hy vir ons neergeskryf het. En, tweedens, ons moet vir eers nou vergeet wat ons reeds van Saul se latere lewe weet en ook die opskrif in ons Afrikaanse Bybels ignoreer.

Kom ons kyk nou weer hoe stel die Heilige Gees vir Saul aan ons bekend. Hy is sterk, mooi en lank. Na alle waarskynlikheid is hy ook nog bruingebrand, aangesien hy op die plaas werk. Die Here sê self dat daar niemand in Israel was wat mooier of langer as hy was nie. Mans sou na hom opgekyk

het omdat hy lank en sterk is. Vrouens sou ook graag na hom gekyk het omdat hy lank en mooi is. As daar na 'n koning gesoek word wat by mense en die nasies die oog sou vang, dan was Saul beslis 'n goeie kandidaat.

Verder leer ons Saul ook as 'n gehoorsame seun ken. Toe daar van sy pa se donkies weggeraak het, het sy pa hom aangesê om die donkies saam met 'n slaaf te gaan soek. Saul is dus iemand wat opdragte kan aanvaar en uitvoer. En hy voer die opdrag deeglik uit. Vir drie dae het hy en die slaaf wyd en syd gesoek na die donkies maar niks gekry nie. Saul is ook iemand wat besorg is oor sy pa. Toe hulle na drie dae nog geen donkie gekry het nie, wou hy hê dat hulle moes teruggaan huis toe. Hy wil nie sy pa deur onnodige kommer oor hulle laat gaan nie. 'n Mens sou kon sê dat Saul regtig mooi eienskappe het. Hy is gehoorsaam aan sy pa, hy voer opdragte deeglik uit en hy is ook besorg oor sy pa. Hy ag homself ook nie so belangrik dat hy nie na iemand wat ondergeskik is aan hom sal luister nie. Ons sien dat hy later die wyse raad van sy slaaf om na die man van God te gaan, aanvaar. En daarby is hy nog lank, mooi en sterk.

By al hierdie mooi eienskappe wat ons oor Saul lees, is daar tog iets wat ontbreek en hierdie leemte stem 'n mens onrustig. In hierdie bekendstelling van Saul hoor ons nie een keer iets van die Here nie. Daar word niks gesê dat Saul of sy pa of iemand van sy voorouers die Here met 'n opregte hart gedien het nie. Wanneer 'n mens die onlangse geskiedenis van die stam Benjamin in gedagte hou, wil 'n mens sê dat dit ook nie 'n wonder is nie. Gaan lees maar Rigters 19 tot 21 deur. Daarin leer ons die Benjamins se ken as mense wat straatboewe beskerm – straatboewe wat 'n Leviet se byvrou seksueel so verinnerweer het dat sy gesterf het. En die stam Benjamin was selfs bereid om oorlog te maak met die res van Israel omdat hulle nie die straatboewe wou uitlewer nie.

'n Leier in Israel wat sy sout werd sou wees, iemand wat die Here met 'n opregte hart dien, sou sekerlik nie wou voorsien dat die Here uit die stam van Benjamin 'n koning vir Israel kies nie. Maar die volk het mos 'n koning gevra soos die ander nasies, want hulle wil soos die ander nasies wees.

Geliefdes, ons kommer oor Saul se verhouding met die Here, of eerder sy gebrek aan 'n verhouding met die Here, word vergroot wanneer ons alles hoor wat Saul en sy slaaf met mekaar praat nadat hulle drie dae lank gesoek het na die donkies en dit nie kon kry nie. Dit is Saul se slaaf wat keer toe hy wou teruggaan huis toe. En dit is die slaaf wat onthou van die man van God wat in die nabygeleë stad woon. Miskien is dit uit vrees vir sy eenaar dat die slaaf so graag by die man van God wil uitkom om te hoor of hy hulle nie miskien kan sê waar om na die donkies te gaan soek nie. En dan het Saul en sy slaaf ook nog die gedagte dat die man van God soos 'n waarsêer betaal moet word vir die guns wat hy hulle gaan doen. Oor Saul se verhouding met die Here word daar niks gesê nie, want dit lyk of daar niks is om te sê nie. Dit is eintlik verstommend dat Saul klaarblyklik niks van Samuel af weet nie terwyl Samuel so hoog in aansien by baie ander mense in Israel is. Is dit nie maar tog 'n teken van Saul se gebrekkige verhouding met die Here nie?

Samuel, soos ons opgemerk het, het met sy daaglikse werk as profeet in diens van die Here voortgegaan. Hy het op die betrokke dag in die stad gekom, soos die meisies gesê het wat gaan water skep het, omdat sommige van die inwoners in die stad 'n maaltydoffer aan die Here wou bring. Die dag voordat Saul en sy slaaf by die stad opgedaag het, het die Here al vertroulik aan Samuel 'n openbaring gemaak. Let op hoe praat die Here met Samuel. Hy vertel hom vertroulik wat gaan gebeur. Daar staan in die Hebreeus geskryf dat die Here in Samuel se oor gepraat het. Tussen die Here en Samuel is hierdie baie naby verhouding. Saul wat nie so 'n hegte verhouding met die Here het nie, sou nie die Here se stem herken het as die Here so met hom sou praat nie. Daarom het die Here wegloopdonkies gebruik om Saul na Samuel toe te stuur.

Kom ons luister nou weer wat die Here die vorige dag aan Samuel gesê het:

Môre teen hierdie tyd sal Ek 'n man uit die gebied van Benjamin na jou toe stuur. Jy moet hom tot regeerder oor my volk Israel salf. Hy sal my volk red uit die mag van die Filistyne, want Ek het op my volk ag geslaan. Ja, hulle hulpgeroep het My bereik. (1 Samuel 9:16 AFR1983)

Geliefdes, dit is inderdaad 'n groot troos om te hoor dat die volk se verwerping van die Here as hulle koning nie die Here se fontein van barmhartigheid oor sy volk laat opdroog het nie. Alhoewel Israel se motief om 'n koning te wil hê, verkeerd was, het die Here hulle nie aan hulle eie genade of aan die genade van hulle vyande oorgelaat nie. Hy slaan ag op hulle hulpgeroep. Dit is as gevolg van die Here se onbegryplike groot liefde vir ons en sy lankmoedigheid oor ons dat Hy ons ook nie aan ons eie genade oorlaat nie. Ondanks ons koppigheid teenoor Hom, bewys Hy steeds genade. Hy hoor en luister as ons tot Hom roep in ons nood. Hy ontferm Hom keer op keer oor ons.

Samuel sou ook seker sy wenkbrou kon lig oor die man wat die Here uit Benjamin na hom toe sal stuur om Israel te regeer. So 'n ongehoorde ding wat die stam Benjamin gedoen het, soos om straatboewe te beskerm en selfs oorlog te maak oor hulle teen die res van Israel en die bykanse uitwissing van die hele stam Benjamin, sou nie gou in die vergetelheid geraak het nie. Maar Samuel is gehoorsaam aan die Here. Hy wag geduldig dat die Here die man stuur wat Hy gekies het om as koning oor Israel te regeer. Hy probeer geensins die Here se besluit manipuleer nie. Hy maak nie soos wat Jakob en Ragel destyds gedoen het toe hulle verneem het dat die Here vir Jakob bo Esau verkies het as die een met wie die Here in besonder wil voortgaan nie.

Nou is daar tog twee dinge wat die Here oor Saul aan Samuel sê wat nie in ons Afrikaanse vertalings so duidelik na vore kom nie. Die vorige dag het die Here vir Samuel gesê dat hy die man wat die Here na hom toe stuur tot regeerder oor Israel moet salf. Die woord wat ons met *regeerder* of *vors* vertaal kan ook met *prins* vertaal word. Saul sal oor die Israeliete regeer, maar wel as prins, want Israel het inderdaad net een koning, die Here hulle God. Saul sal aan die Here verantwoording doen oor die regering van Israel en hy sal Israel regeer soos wat die Here, hulle Koning, dit verwag. Die Here gee wel aan Israel 'n koning soos wat die ander nasies konings het. Maar die Here sal nie toelaat dat Israel ook nog soos die ander nasies word nie. Die Here bly steeds die Koning van sy volk en Saul sal aan Hom verantwoording doen.

En in lyn met hierdie manier van Saul se regering oor Israel hoor ons ook die volgende in vers 17: **Net toe Samuel vir Saul sien, het die Here vir hom gesê: “Dit is die man van wie Ek jou gesê het hy sal oor my volk regeer.”** Die woord wat ons met *regeer* vertaal, kan ook vertaal word met *weerhou* of *in toom hou*. Nou moet ons weer onthou om nie ons negatiewe beoordeling van Saul hierby in te lees nie. Ons moenie *weerhou* of *in toom hou* negatief wil verstaan nie. Die Here wil nie hê dat sy volk soos die ander nasies sal wees nie. Daarom gee Hy vir Saul aan sy volk om hulle in toom te hou dat hulle nie met hulle sondige gedagtes verder gaan en soos die ander nasies word nie. Die Here gee vandag nog aan ons mense om ons in toom te hou. Dit is immers hoekom die Here 'n man en 'n vrou aan mekaar gee sodat ons mense alle onkuisheid sal vermy en mekaar sal bystaan in alles wat tot die tydelike maar ook tot die ewige lewe behoort.

Wanneer ons hierdie dinge hoor, geliefdes, is ons vinnig om te vra: Maar was Saul inderdaad hierdie prins wat Israel in toom gehou het, want ons ken Saul nie so nie? Ons moet nog iets onthou, en dit is dat God nie Saul se regering gesaboteer het sodat hy 'n mislukking moes wees nie. Wat verkeerd geloof het in Saul se latere lewe was net sy eie skuld. Die Here het ook nie 'n lieplapper van 'n mens gegee om koning te wees nie. Hy het die beste, wat sy fisiese voorkoms betref, vir Israel uitgesoek. En die Here het van Saul 'n ander mens gemaak. Die Heilige Gees het oor Saul vaardig geword, en **God het Saul se gesindheid verander** (1 Samuel 10:9 AFR1983). Saul se gesindheid was so verander deur die Heilige Gees dat hy na die eerste oorlog waarin hy Israel aangevoer het self erken het dat die Here aan Israel die uitkoms gegee het.

Inderdaad was Saul nie 'n Dawid van wie die Here gesê het dat hy 'n man na sy hart is nie. Saul was wel die eerste koning met wie die Here sy volk wou leer om te verlang na die Koning wat die Here wel vir hulle bedoel het. En as ons dan in die Ou Testament van hierdie Koning lees, hoor ons dat Hy nie die voorkoms gehad het dat mense van Hom sou hou nie. Hy was eerder verag en verstoot deur mense. Maar dit was nie van die begin af so nie. Toe die mense sien watter wonderwerke Jesus kon doen, wou hulle Hom met geweld koning maak. Maar toe wou die mense ook 'n koning hê, soos die ander nasies, wat hulle van die Romeinse juk kon verlos. En dit is nie waarvoor Jesus gekom het nie. Hy het gekom as Vors, die Vredevoers, wat nie vrede tussen mense eerste bewerk nie, maar vrede tussen God en mens omdat Hy die straf op die sonde van mense kom dra en wegneem. Vir sy vorstelike werk as Koning hier op aarde het Hy waarlik as Prins opgetree. Hy het sy Vader se wil volmaak en sonder teëpraters uitgevoer. En nadat Hy die verlossingswerk hier op aarde volbring het, is aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Hy is ons Koning en aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Hy is ook die Koning wat werklik God se kinders in toom kan hou. Hy het immers sy Gees aan ons gegee sodat ons kan leer om 'n afkeer van die sonde te hê en onself aan God te wy as lewende en heilige offers. En ons verwag hierdie Koning van ons, Jesus Christus, op die wolke van die hemel. En die dag wanneer Hy verskyn, sal elke knie voor hom buig en elke tong erken dat Hy die Here is. Is die koms van ons Koning, Jesus Christus, ook op ons almal se lippe? Of verwag ons 'n ander soort koning?

Amen!

Slotgebed

Bevestiging van ouderling en diakens

Skrifberyming 19-1 (47) (sing *jul* ipv *ons*)

Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Skrifberyming 3-1:2, 3 (51:2, 3)

- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.
- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey

Gereformeerde Kerk Bellville

15 April 2012. Aand